Sondag, 9 Mei 2021
5e Sondag ná Pase
Dag van Hoop en Heling
Moedersdag

Die Woord – geïnspireerde waarheid as geskenk aan God se kerk – nou en tot Jesus kom.

"En daarom beskik ons oor die profetiese woord, wat nog vaster staan. Julle doen die regte ding as julle daarop fokus, soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek, en die môrester opgaan in julle harte."
(2 Petrus 1:19)
"...Hy het toe voor hulle van gedaante verander. Sy klere het blink geword, spierwit, so wit soos niemand op aarde iets kan bleik nie."
(Markus 9:2-3)

Petrus gebruik twee duidelike argumente oor die betroubaarheid van die Woord van God:

1. Die Woord van God is op ooggetuie verslae gebaseer (v 16-18).
2. Die Woord van God is profetiese waarheid (v 19-21).

Petrus leef in 'n tyd waarin die waarheid van die Woord van God onder verdenking kom. In die wêreld van daardie tyd was daar baie Griekse en Romeinse verhale in omloop – fabels wat deur mense uitgedink is om dit wat hulle nie kon verstaan nie, te verklaar. Waarom is Petrus so seker dat hierdie evangelieboodskap eg is, dat dit baie meer waarde het as al die fabels van hulle tyd? Hulle het nie net iewers gehoor van Jesus se ontsagwekkende grootsheid nie. Hulle het dit gesien gebeu – voor hulle oë. Die verskil tussen enige ander verhaal in die wêreld en die Evangelie van Jesus Christus, berus op die feit dat Jesus waarlik God was wat mens geword het en nie bloot net 'n mens was nie. In daardie oomblik op die berg van verheerliking het die drie dissipels Jesus se goddelike majesteit met hulle eie oë gesien en met hulle eie ore gehoor. Al rede waarom die Bybel nie die uitsluitlike gesag in jou lewe sou kon hê nie, is as Jesus bloot 'n mens was. Soos wat Christus die profesie van die Ou Testament vervul, so word die waarheid daarvan onwrikbaar bevestig en so sal die wederkoms van Christus ook die waarheid van hierdie profesie bevestig. God het ons nie hulpeloos gelaat in hierdie donker tyd nie – Hy het vir ons 'n lamp gegee wat ons moet gebruik tot die Een wat die ewige dag aankondig – die Een wat soos die Môrester is wat helder skyn, net voor die daglig die hemelruim kleur – Jesus Christus kom. Die Woord is Sy geskenk aan die kerk om in hierdie tyd, in die donker, steeds op koers te bly. Om die Woord van God te verwaarloos is sonde.

– ds. Johan Marais

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis dr. Johan Cromhout, en ds. Jan Lubbe die gesinsdiens in die kerksaal. Die erediens is ook vooraf opgeneem en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na alle lidmate uitgestuur.

LITURGIE

Votum:	Lied 471: 1 Soek allereers die koninkryk van God
Seëngroet:	
Loflied:	Lied 200:1&3 U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie
Verootmoediging:	Esegiël 36:26-27
Vryspraak:	
Danklied:	Lied 505:1&3 Jesus, U gaan voor
Gebed:	
Skriflesing:	2 Petrus 1:16-21
Tema:	Die Woord – geïnspireerde waarheid as geskenk aan God se kerk- nou en tot Jesus kom.
Woordverkonding:	
Gebed	
Slotlied:	Lied 255:1&2 Woord van God, Woord van die lewe
Seënbede	
Orrelspel:	Freu' dich sehr, o myne seele – Max Reger

Met besondere dank aan: Dr. Johan Cromhout, Ampie Human, Danie Joubert, RW Adendorff, Adri van den Berg, Germarie Adendorff (blomme) en Rita van Zyl vir bydraes om die erediens en opnames moontlik te maak.

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES

Erediens- en deurkollektes, saam met u dankoffer, hou ons eredienste en bedieninge in stand, help met noodleniging en betaal ons ook elke Sondag 'n bedrag van R 500 oor aan die instansie soos op die program vir deurkollektes vermeld (Vandag, 9 Mei: Fonds vir Vrouelidmate).

Jy kan 'n kollekte of dankoffer na Berg-en-Dal oorbetaal, via die internet (eft) na **ABSA Tjekrek. 470-580-011** of per snapscan –
Baie dankie vir jou bydrae en gebed, en leef met ons visie:

Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig…

Meimaand is saam met die Pinkster – Oestyd – ook tyd vir ons Spesiale Dankoffer in Berg-en-Dal. Die kerkraad het 'n bedrag van R 295 000 as mikpunt gestel; dit is minder as in vorige jare, gedagtig aan die impak van Covid-19 en die inperking. In vandag se Fokus is die gebruiklike koevertjie – kom ons dra saam by.

Ander Eredienste:

Sondag, 9 Mei	15:00 – Teol.std. Steve Bopane (Sothodiens)
	18:00 – ds. Jan Lubbe en dr. Attie Steyn (Dag van Hoop en Heling)
Donderdag, 13 Mei	18:00 – ds. Johan Marais (Hemelvaart)
Sondag, 16 Mei	09:30 – ds. Jan Lubbe (Begin van Pinksterreeks); gesinsdiens in saal – ds. Johan Marais.
	18:00 – ds. Jan Lubbe (Pinksterdiens II)

Ons kategese vir die tweede kwartaal hervat vandag en sal hopelik ononderbroke oor die volgende vier Sondae tot 6 Junie strek.

Die huidige inperkingsmaatreëls maak voorsiening dat ons die helfte van vloerspasie kan benut wat beteken ± 220 lidmate in oggenddienste in die kerk en 80 in die saal. Ons is egter bewus van berigte dat 'n derde vlaag van Covid-19 tans oor ons stad en provinsie breek en doen daarom 'n beroep op alle lidmate om orals en te alle tye versigtig op te tree en veiligheidsreëlings (afstand, maskers, handreiniging, goeie ventilasie) te handhaaf.
Ons sal u week vir week per sms verder oor eredienste en aktiwiteite inlig.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende twee weke verjaar:

09 Mei	Fredi Hellerle, Richard Schulenburg, Jannie Claassens,Chantelle Hutton, Jan-Pieter Jacobs, Lia du Plessis en Daniella Jordaan.
10 Mei	Hané du Toit, Divan Tromp en Xanté Pretorius.
11 Mei	Lientjie Nel, Helena van de Wall en Mia Smith.
12 Mei	Louis Heyns, Tarisa Joubert en Christo en Henco Meyer.
13 Mei	Jenny Pickard, Enrico Botha, Werner v/d Walt en Elmari Botha.
14 Mei	Abie Geldenhuys.
15 Mei	Kathy Jansen, Bert Top en Lua Haasbroek.

Ons dink in gebed aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Conna Lups (Deanelaan 15, wyk 20a); Oom Donald Laas (Fluenta 18, wyk 8c) en Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Dit gaan beter met klein Juandré Veldman, die seuntjie van Izahn en Reinhardt; hy sterk tans nog in die hospitaal aan.

Ons meelewing aan Cornel en Elmarie Strydom en familie (Frans Rumpfstr. 28), by die heengaan van sy stiefpa; en met Theresa Teengs en familie (Genl. Conroystr. 10), by die verlies van haar suster Zelda – beide hierdie gedenkdienste was die afgelope week hier in Berg-en-Dal. Mag daar vir jul genoeg troos wees.

Ons groet vandag ook vir Malissa Louw wat as katkisant, jong lidmaat en diaken vir meer as tien jaar deel van ons gemeente was, en altyd meegeleef het – dankie Malissa! Sy verhuis na die Kaap vir 'n nuwe betrekking daar; ons bid haar die Here se seën toe.

"What is the meaning of Ascension? The Crucified and Risen One is now where God is. Our flesh, our human nature is exalted in Him to God. The end of His work is that we are with Him beside God." (Karl Barth)

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Die Mannegebedsgroep tree in vir ons gemeente, land en mense – kontak ds. Johan (084 517 8052) indien jy by die whatsappgroep wil inskakel en vir die gebedsversoeke. ‘n Gemeentegebedsgroep bid gereeld saam oor aktuele sake vir ons land – kontak Elise Ferreira (082 846 2574) om meer inligting te ontvang.

Sondagoggend 08:30 is daar lidmate wat saam bid vir ons eredienste in Berg-en-Dal en die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan net daar by jou huis ook só stilword...

Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep lees hierdie week oor *die betekenis van Pinkster* (Handelinge 2); as jy aanlyn wil inskakel, stuur ‘n boodskap na ds. Jan by 082 784 9362.

Die Donderdagoggend-Bybelstudiegroep lees en dink na oor *Wanneer God beeldryk praat oor sy kerk...* Om aanlyn hierby in te skakel, kontak ds. Johan by 084 517 8052.

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:

Wyke 1-10 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20 – ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar ‘n behoefte vir pastorale ondersteuning of gesprek is, kontak ons.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee:

In Mei staan **Wyke 1** (Suidelike grens, bo teen Grant’s Hill) en **2** (Noordelike hang van Grant’s Hill) in vir ons bediening van gasvryheid, sorg en omgee – indien jy wil help, kontak gerus die kerkkantoor of Rita (083 656 1680).

Kantoorure:

Maandae en Woensdae van 09:00-12:00 (Rita van Zyl) en Vrydae van 09:00-12:00 (Adri van den Berg). Alle personeel is deurgaans per foon bereikbaar.

BEDIENINGE

Bedieningsvergaderinge:

Hierdie komende week vergader die volgende bedieninge – vrywilligers welkom:

Gemeentebediening: 10 Mei, 17:30 Jeugbediening: 11 Mei, 17:30
Erediensbediening: 11 Mei, 19:00

Getuienisbediening: Dag van Hoop en Heling – 9 Mei 2021

Ons herinner belangstellendes aan vanmiddag (15:30) se werkswinkel oor die sosiale- en emosionele impak van Covid-19 en die gepaardgaande inperking. Prof. Lucius Botes (sosioloog), dr. Dalene van Jaarsveld (palliatiewe dokter) en dr. Pierre Nel (sielkundige) deel hul ervaringe en perspektiewe; om 17:30 is daar ‘n koppie sop en toebroodjie; en om 18:00 ‘n meditatiewe diens waartydens dr. Attie Steyn (pastorale sielkundige) sy getuienis as oorlewende van Covid-19 gaan deel. Kom luister en beleef saam...

Pinkster 2021: “Kom, Skeppergees – lei en leer ons hier...”

Iedereen word hartlik uitgenooi na vanjaar se Pinksterreeks gelei deur ds. Jan Lubbe, van Sondag, 16 tot 23 Mei; die twee oggenddienste en Sondag- tot Donderdagaand om 18:00. Ons lees, dink en bid oor ons Geloofsbelydenis in ‘n nuwe tyd en wêreld.